



Vuk'uzenzele

'n Produk van die Regering se Kommunikasiediens (GCIS)

Afrikaans/Engels

Oktober 2015 Uitgawe 1



Mobiele kantoor vergemaklik grondeise

BI 2



Binnelandse Sake verbeter dienste vir almal

BI 4

WERK-GELEENTHEDE BINNE

Regering slaan ag op Eersterust se hulproep

More Matshediso

Die regering is ernstig daarvoor om alles in sy vermoë te doen om so spoedig moontlik gemeenskappe wat om hulp vra te help; en die Eersterust-gemeenskap oos van Pretoria is geen uitsondering nie.

President Jacob Zuma het onlangs 'n Imbizo gehou om die regering se verbintenis tot die stryd teen dwelmmisbruik te toon en jeugontwikkeling in Eersterust en omliggende areas te bevorder.

Die Presidensiële Imbizo het die President voorsien van eerstehandse kennis en 'n begrip van die uitdagings wat die gemeenskap in die gesig staar.

Daar is heelwat uitdagings wat die gemeenskap in die gesig staar, van dwelmmisbruik en dwelmsindikate wat in die omgewing bedrywig is, tot lae inkomstevlakke en hoë misdaad- en werkloosheidsvlakke, wat alles 'n negatiewe uitwerking het op die jeug en diegene wat na 'n beter lewe streef.

Volgens gemeenskapsvertegenwoordigers beïnvloed die dwelmmisbruikprobleem 15 000 jeugdige – meestal skoolleerders wat uiteindelik vroeg die skoolbanke verlaat.

President Zuma het gesê dat die polisie operasies van stapel laat loop het met die oog op die arrestasie van dwelmsindikate, die dwelmbase agter hulle en ander misdadige elemente wat in die gemeenskap bedrywig is.

“Ongeveer 69 misdaadintelligensie-operasies is tot dusver in die area uitgevoer, wat gelei



President Jacob Zuma het Eersterust besoek om met die gemeenskap saam te werk om oplossings vir hul probleme te vind.

het tot die arrestasie van 55 beweerde dwelmsindikate. Die polisie werk ook nou saam met gemeenskapsgebaseerde teen misdaadorganisasies en sekuriteitsklustervennote in die implementering van bewustheidsveldtogte teen dwelms en misdaad in die algemeen in die area ...”

Die President het bygevoeg dat die Stad Tshwane 1 024 arm families uit die gemeenskap geregistreer het wat tans gratis basiese dienste ontvang, en dat dit gedurende die landswye inligtingstoer wat in Julie gehou is ook 187 behoeftige families gehelp het.

“Die Stad het ook onlangs

R100 000 aan twee Vroeë Kinderontwikkelingsentrums in die gemeenskap geskenk,” het President Zuma bygevoeg.

Net voor die presidensiële Imbizo het 'n aantal van die ministers die area besoek om saam met die gemeenskappe te werk om oplossings te soek vir die uitdagings wat hulle in die gesig staar.

Die Minister van Maatskaplike Ontwikkeling Bathabile Dlamini het inwoners toegesprek tydens die Internasionale Dag teen Dwelmmisbruik en Onwettige Handel, waartydens 'n aantal jongmense erken het dat hulle “nyaope” rook – 'n mengsel van metielamfetamien, heroïen en

marijuana.

Minister Dlamini het gesê dat die departement die jongmense sal help en hulle na die beste dwelmmisbruik-rehabilitasiesentrums in die land sal neem, maar hulle ook aangespoor om hulself daartoe te verbind om as beter mense na hul gemeenskappe terug te keer.

Die Voorsitter van die Eersterust Local Drug Action Committee, Desiree Fischer, sê dat die komitee 'n program van aksie ontwikkel het om die lewens van kwesbare individue te help red.

ONDERWYS IS DIE SLEUTEL

Die Minister in Die Presidensie vir Beplanning, Monitering en Evaluering, Jeff Radebe, het

ook onlangs die gebied besoek en leerders aangemoedig om hard te werk by die skool, ten spyte van die uitdagings waarvoor hulle te staan kom.

“Onderwys sal aan julle die geleentheid bied om beter as jul ouers te word, en dit is dus julle verantwoordelikheid om te volhard sodat julle beter landsburgers kan word en in die leiers van more kan ontwikkel,” het hy gesê.

Die Minister het besoek afgelê by Eersterust Sekondêre Skool en Prosperitas Hoërskool om te luister na die uitdagings wat leerders en onderwysers die hoof moet bied, en dit te probeer verstaan. Hy het 'n beroep op leerders gedoen om nie op hul negatiewe omgewing te fokus nie, maar om eerder op die positiewe kant van die lewe te konsentreer.

“Laat julle drome van 'n beter toekoms julle inspireer. Julle moet daarna streef om iemand in die lewe te word. Julle moet aspireer om onderwysers, verpleegsters, dokters, wetenskaplikes, astroloë en so aan te word. Daar is geen perke op die moontlikhede in Suid-Afrika nie,” het hy gesê.

Minister Radebe het leerders ook aangemoedig om daarna te streef om entrepreneurs te word sodat hulle hul eie sakeondernemings kan begin en sodoende belegging in hul eie gemeenskap terug te ploeg.

Die Adjunk-Minister in Die Presidensie vir Beplanning, Monitering en Evaluering asook Jeugontwikkeling, Buti Manamela, het Nantes Primêre Skool in Eersterust besoek om leerders aan te moedig om op hul onderwys te fokus en

> **Vervolg op bl 2**

Lughawe blaas nuwe lewe in Oos-Kaapse gemeenskap

Vuyo Bathembu

Die opgeknapte Mthatha Lughawe, wat met 'n nuwe R700 miljoen terminaalgebou en aanloopbaan spog, sal beslis die voorkoms van die streek se ekonomie verander en heelwat werksgeleenthede skep.

Die Oos-Kaapse Premier, Phumulo Masualle het onlangs 'n mediatoer van die byna voltooid lughawe gelei en 30 Oktober aangekondig as die doeldatum vir die amptelike opening van die moderne, opgeknapte fasiliteit.

Die amptelike opening van die opgegradeerde Mthatha Lughawe is oorspronklik vir April geskeduleer, maar 'n staking in die metaalnwyerheid en voortdurende reën het tot vertraginge gelei.

Die lughawe is in die oostelike deel van die Oos-Kaap geleë, 'n area wat ryk is aan erfenis en ook die tuiste is van die Wildekus, 'n gewilde bestemming vir plaaslike en internasionale toeriste.

Die lughawe se klein aanloopbaan en terminaalgebou het dit egter vir lugrederye onaantreklik gemaak.

Airlink, die enigste lugdiens wat vanuit Mtha-

tha Lughawe vlieg, bied slegs vlugte na Johannesburg. Maar dit alles gaan binnekort verander. Die provinsiale regering is vol vertroue dat meer lugdienste nou, ná die omvattende opknapping, na en van Mthatha Lughawe sal vlieg.

Die lughawe kan nou groter vliegtuie hanteer en 36 200 passasiers het reeds sedert April vanjaar daar geland. Opgraderings aan die lughawe sluit in rusareas vir passasiers, restaurant en werkstasies vir ander lugdienste. Daar is ook 'n motorhuurgedebou, met parkering en wasruimtegeriewe.

Veiligheidsmaatreëls is verbeter, hoofsaaklik om rondloperdiere van die aanloopbaan weg te hou, en daar is ook nuwe landingsligte wat aan internasionale lugvaartstandaarde voldoen.

Mthatha Lughawe vorm deel van die regering se infrastruktuurprogram en die opknapping is gedoen ingevolge die presidensiële infrastruktuurpakket in die vorige administrasie. Die volgende stap is die ontwikkeling van 'n kantoorpark en 'n kleinhandel- en gasvryheidskompleks in die lughawe se nielugvaart-sonegebied, wat 'n hotel en groot konferensiesentrum sal insluit.

Die konstruksieproses het minstens 223 werksgeleenthede geskep en tot soveel as 120 daarvan

was vir jeugdige. Die Oos-Kaapse LUR vir Vervoer, Weziwe Tikana sê dat 'n groter en beter Mthatha Lughawe belangrik is vir die provinsiese ekonomiese groei en toerisme en dat dit landelike ontwikkeling sal ondersteun.

“Die ongekende belegging in hierdie lughawe



Die Mthatha Lughawe sal nie net die ekonomie 'n hupstoot gee nie, maar sal ook die aantal werksgeleenthede in die provinsie vermeerder.

ALGEMEEN

Grond bring geleenthede vir Nodunga-gemeenskap



Aaron Zulu, voorsitter van die Nodunga Communal Property Association, wys van die nartjies wat verbou is op die grond wat hy saam met ander gemeenskapslede besit.

Noluthando Mkhize

Aaron Zulu (58) het nooit kon dink dat hy eendag weer na sy geboortegrond sou kon terugkeer nadat die apartheidstelsel hom en sy gesin gedwing het om hul tuiste te verlaat nie.

In 1913 is duisende swart gesinne deur die apartheidregering met geweld van hul grond verwyder, ná die verordening van die Wet op Naturelle-grond van 1913.

Hulle is ontnem van hul grond, huise, lewensonderhoud en menswaardigheid en is gedwing om hulle in die tuislande te gaan vestig of om na swak beplande townships met minderwaardige dienste te trek.

In 1994 het die demokratiese regering die behoefte aan grond- en landbouhervorming as deel van nasionale versoening identifiseer.

"Ons is van ons grond af gedwing. Ons huise is afgebrand en ons vee doodgemaak," sê Zulu.

Zulu is een van meer as 76 000 eisers wat hul grond deur die regering se grondherstelprogram teruggekry het. Die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming het meer as R24.6 miljard aan die program spandeer.

Zulu is die voorsitter van die Nodunga Communal Property Association (CPA), wat 376 huishoudings verteenwoordig.

Die gemeenskap van Nodunga het onlangs 'n 10-jaarhuurooreenkoms met die verpakking- en papiermaatskappy Mondi gesluit vir kommersiële bosbou op 685 grond, ter waarde van R7.4 miljoen, om hulle te help om die nodige vaardighede te verwerf om uit sakegeleenthede op die grond voordeel te kan trek.

EIS DIE GROND TERUG

In 2012, na meer as 17 jaar waartydens hulle probeer het om hul grond terug te eis, het die Nodunga CPA ongeveer 2 897 hektaar terugontvang.

"Ek het nooit gedink dat ek na my huis sou terugkeer nie. Ek het gedink dit was ons einde omdat alles wat ons gehad het van ons weggeeneem is," sê Zulu.

Zulu en ander gemeenskapslede van Nodunga het in 1995 met hul eis begin.

"Ons het 'n paar probleme ervaar, selfs in die gemeenskap, wat vertragings veroorsaak het. Aanvanklik het ons nie geweet waarheen om te gaan vir hulp om ons grond terug te eis nie."

Zulu sê dat die groot werk om hul grond terug te eis in 2008 begin het, toe regeringsamptenare gereelde besoeke aan die grond, wat deur boere beset is, gebring het om dit te evalueer.

"Ons het gedurende hierdie proses met die KwaZulu-Natale Kommissie vir die Herstel van Grondregte saamgewerk. Dit was moeilik, omdat sommige van die gemeenskapslede verhuis het en op ander plekke gaan bly het; ons moes dus in die media adverteer om hulle só te probeer opspoor."

Die KwaZulu-Natal Kommissie vir die Herstel van Grondregte val onder die provinsiale Departement van Landbou en Landelike Ontwikkeling.

Nadat die eisers van Nodunga opgespoor is, het hulle die Nodunga CPA gevorm.

"Ons het 'n beroep gedoen op mense wat oor vaardighede in byvoorbeeld rekeningkunde of sakebestuur beskik het om betrokke te raak, omdat ons 'n doel vir die plaas het. Daar is sewe van ons op die komitee."

WERKSGELEENTHEDE

Die CPA het Nodunga Farming geregistreer, wat deur drie direkteure bestuur word, om die gemeenskap in staat te stel om sake te doen op die grond wat hulle teruggeëis het.

Nodunga Farming het ook R17.8 miljoen van die departement se Program van Herkapitalisering en Ontwikkeling (RADP) wat in 2009 bekendgestel is, ontvang.

Die RADP verskaf opleiding en ontwikkeling aan diegene wat grond deur die grondhervormingsprogram ontvang het.

"Toe ons in 2012 die grond teruggekry het, het ons niks gehad om die plaas mee te bestuur of 'n besigheid mee te begin nie. Die plaas was in 'n baie swak toestand en daar was geen elektrisiteit nie."

Vandag produseer Nodunga Farming suikerriet, mango's, nartjies, lietsjies en macadamianeute.

Daar is 239 gemeenskapslede op die plaas werksaam, asook 42 los werkers.

BELEGGING IN DIE GEMEENSAP

Benevens die verskaffing van werkseleenthede, voorsien Nodunga Farming ook elke jaar skooluniforms aan vyf skole, vir altesaam 1 500 kinders.

"Ons het 'n behoefte raakgesien om die skole in die omgewing te ontwikkel deur uniforms te verskaf. Ons help ook met ontspanningsaktiwiteite en sporttoerusting om kinders meer in die skool te laat belangstel."

Nodunga Farming help ook minder geboede families. Dit het byvoorbeeld vir hulle huise gebou en ook kruideniersware-bewyse verskaf.

"Ons het tot dusver drie huise vir lede van die gemeenskap gebou. Gemeenskapslede kan voorleggings oor hul behoeftes doen. Dit kan enigiets wees, van hulp met begrafnisse of onderwysbeurse. Ons evalueer die voorleggings en help waar ons kan."

Gedurende die maatskappy se afgelope finansiële jaar was sy omset R17 miljoen, wat hoofsaaklik afkomstig was uit die 36 ton suikerriet wat dit geproduseer het.

ADVIES AAN ANDER BEVOORDEELDES VAN GRONDEISE

Zulu het benadruk dat 'n mens passie nodig het om 'n suksesvolle boer te word.

"Die opbrengs in hierdie besigheid is beslis daar, maar 'n mens moet geduldig wees. Jy moet ook weet hoe om 'n besigheid te bestuur en wat die bedryfskoste van 'n plaas is."

Hy het bygevoeg dat die bevoordeeldes moet kan saamwerk om seker te maak dat hulle iets uit die grond kan maak.

"'n Boerderyonderneming werk nie as daar te veel misverstande is nie."

Jabulani Dube, die finansiële direkteur, het daarop gewys dat bevoordeeldes opleiding moet ontvang voordat hulle grond oorneem.

"Ons het kennis van die verbouing van suikerriet gehad, wat beslis voordelig was. Ons sal selfs ook graag mense wat hierdie sektor betree, wil mentor."

[Regering slaan ag op Eersterust se hulproep] > Verv. van bladsy 1

na die omgewing om te sien.

Hy het die skool besoek om 'n groentetuin en vrugteboom aan te plant en leerders aangemoedig om in die skool te bly en die omgewing te versorg, deur somer met hul nuwe groentetuin en vrugteboom te begin. Die opbrengs uit die groentetuin en die vrugteboom sal help om die skool se voedingskema aan te vul, wat daagliks 'n maaltyd aan ongeveer 400 kinders voorsien.

Die Adjunk-Minister het benadruk dat die jeug die middelpunt vorm van inisiatiewe om 'n beter Suid-Afrika te bou.

Met die oog op die toekoms het die regering samesprekings gevoer met die polisie, die jeug en ander belanghebbende in die gebied om die gemeenskap se bekommernisse te bespreek en te probeer oplos.

Mobiele kantoor vergemaklik grondeise

Noluthando Mkhize

n Mobiele grondherstelkantoor sal in KwaZulu-Natal (KZN) en die Oos-Kaap rondreis om die proses om grondeise in te dien, te vergemaklik.

Die mobiele kantoor, 'n bus, vorm deel van die regering se Grondherstelprogram.

Die grondeiseproses maak dit moontlik vir mense wat tydens apartheid met geweld van hul grond verwyder is om grondeise in te dien.

KZN het slegs twee indieningskantore, naamlik in Pietermaritzburg en Vryheid, en die mobiele kantoor sal mense in staat stel om hul eise nader aan hul huise in te dien.

Die bus sal met die Oos-Kaap gedeel word, en drie maande op 'n keer in elke provinsie spandeer.

Volgens KZN se LUR vir Landbou en Landelike Ontwikkeling, Cyril Xaba, is die bus met die nodige tegnologie toegerus om die eise elektronies te verwerk.

"Die regering is daarvan oortuig dat die proses veel vinniger sal verloop, omdat alle eise elektronies ingedien gaan word," sê hy.

In Februarie verlede jaar het die Parlement die Wysigingswetsontwerp op die Herstel van Grondregte uitgevaardig, wat die grondherstelproses heropen het.

Die nuwe sperdatum vir grondeise is tot 31 Desember 2018 uitgestel en is van toepassing op enige persoon wat ná 19 Junie 1913 van hul eiendom ontnem is.

Die herstelprogram het vergoeding verskaf aan 'n groot aantal slagoffers wat van hul grond ontnem is en teen 31 Desember 1998, die vorige afsnydatum, eise ingedien het.

In KZN is 16 000 eise gedurende die eerste grondeistydperk ingedien.

"14 000 hiervan is reeds verwerk en net 2 000 is nog uitstaande. Dit sal gelyktydig met die nuwe eise verwerk word, en voorrang sal verleen word aan dié wat voor 1998 ingedien is."

Volgens die nasionale Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming is 76 000 grondeise teen Maart 2012 afgehandel.

Meer as 'n miljoen bevoordeeldes van regoor die land het net meer as tweemiljoen hektaar grond ontvang.

Die totale besteding aan die grondherstelprogram was R24.6 miljard.

Hoe om 'n grondeis in te dien


STAP 1: Ontvangs

Die personeel by die ontvangstoonbank sal kontroleer of jy al die korrekte dokumente het en vir jou raad gee.



STAP 2: Vaslegging

Die personeel in die vasleggingsafdeling sal jou help om jou eis vas te lê.



DIT IS GRATIS OM 'N EIS IN TE DIEN



STAP 3: Kennisgewig

Jy sal binne 48 ná indiening 'n SMS ontvang wat bevestig dat ons jou eis ontvang het. Jou eis sal ondersoek word en jy sal met gereelde tussenposes, of wanneer jy dit versoek, oor die vordering met die eis in kennis gestel word.

STAP 4: Bevestiging

Jy sal 'n brief ontvang nadat jou eis-inligting vasgelê is. Die brief sal 'n unieke verwysingsnommer hê wat bewys dat jy jou eis suksesvol ingedien het.

HOE OM OP TE VOLG: Jy kan die tolvrye nommer 0800 007 095 bel, of enige van die 14 indieningskantore regoor die land kontak.

Waar kan jy jou eis indien?

Gauteng: Baileystraat 9, Hoek van Steve Biko- en Johannes Ramokhoasestraat, Arcadia, Pretoria. Tel: 012 310 6500

Vrystaat: Ou Posbankgebou, (Hoek van East Burger- en Selbournestraat, Bloemfontein). Tel: 015 430 0444

KwaZulu-Natal: Umhlaba House, Langalibalelestraat 139, Pietermaritzburg en Highstraat 158 -160, Vryheid. Tel: 033 341 2674

Oos-Kaap: Ou SAID-gebou, Stationstraat 22, Oos-Londen en Prince Alfredstraat 66, Queenstown. Tel: 043 722 1487

Noord-Kaap: Hysco Arcade, Old Main Road 4 - 8, Kimberley. Tel: 053 807 5700

Noordwes: Eenheid 4 Bathapingstraat, (Langs die SAID-gebou), Mmabatho en Prime Plaza-gebou Marketstraat 52, Vryburg.

Tel: 018 389 9658/9600

Wes-Kaap: Van der Sterr Gebou, Rhodes Avenue, Mowbray, Kaapstad en Shamrock Place 33, Yorkstraat 97, George. Tel: 021 658 4300

Limpopo: Biccardstraat 61, Polokwane. Tel: 015 284 6300

Mpumalanga: Restitution House, Samora Machel Drive 30, Mbombela en Hi-tech House 23, Hoek van Botha en Rhodesstraat, eMalaheni.

Tel: 013 752 4054

"Ons maak vordering en die President sal verseker dat ons hierdie stryd verskerp en die gemeenskap aan die mense van Eersterust teruggee," het Adjunk-Minister Manamela gesê.

NUWE JEUGKANTOOR VIR EERSTERUST

Die Nasionale Jeugontwikkelingsagentskap (NYDA) sal voor die einde van November vanjaar 'n kantoor in Eersterust open, om jongmense te voorsien van inligting oor onderwys, loopbaankeuses, werkseleenthede en ekonomiese geleenthede.

Die NYDA, in samewerking met die Stad Tshwane en die provinsie, beplan om 'n "Youth Build Infrastructure Development Programme" in Eersterust te implementeer, waar 100 jongmense uit die gemeenskap

100 huise sal bou in 'n pogings om die behuisingstekort te help oplos. Hulle sal opleiding ontvang in die bou van huise, loodgieters en houtwerk.

Die burgemeester van die Stad Tshwane, Kgosisentho Ramokgopa, het aangekondig dat die munisipaliteit R300 miljoen aan jeugkoöperasies toegewys het en het jongmense in die gebied aangemoedig om hul eie koöperasies te begin om werkloosheid te help bestry.

Daarbenewens is R15 miljoen opsygesit vir toppresterende matriekleerders wat goeie uitslae behaal, maar nie die nodige studiegeld vir tersiëre opvoedkundige inrigtings kan bekostig nie.

Die Stad Tshwane sal ook met die gemeenskap saamwerk om gemeenskapsportgeriewe te bou, wat hopelik die jeug sal aanspoor om van die strate af te bly.

ALGEMEEN

Binnelandse Sake verbeter dienste vir almal



Ouers moet hul pasgebore babas binne 30 dae na geboorte registreer om die staat te help om vir die toekoms te beplan.

Noluthando Mkhize

Vanaf Januarie 2016 sal ouers wat hul kinders se geboorte langer as 30 dae na geboorte registreer, aan die Departement van Binnelandse Sake moet bewys dat hulle werklik Suid-Afrikaanse landsburgers is.

Dit is volgens die Direkteur-Generaal van die Departement van Binnelandse Sake, Mkuseli Apleni, wat onlangs met Vuk'uzenzele gesels het.

Hy sê dit is alle ouers se verantwoordelikheid om te verseker dat pasgebore babas binne 30 dae na geboorte by die Departement van Binnelandse Sake geregistreer word.

"As dit nie gedoen word nie, sal ouers moet verduidelik waarom hulle nie hul kind binne 30 dae kon registreer nie. Op grond van hul verduideliking sal hul aansoek deur die Direkteur-Generaal of die Minister oorweeg en goedgekeur word, omdat ons moet seker maak dat ouers verstaan dat hulle aan hierdie wetgewing moet voldoen."

President Jacob Zuma en die voormalige Minister van Binnelandse Sake, dr Nkosazana Dlamini-Zuma, het die program vir die laatre-

gistrasie van geboortes in 2010 van stapel laat loop om te verseker dat mense hul kinders se geboorte binne die voorgeskrewe tyd registreer.

"Die departement se beleid bepaal dat die eerste inskrywing in ons nasionale bevolkingsregister by die registrasie van geboorte is. In die verlede het mense nie verstaan waarom hulle hul kinders moet registreer nie."

Apleni sê dat meer as 300 hospitale regoor die land met die departement saamwerk om te verseker dat kinders by geboorte geregistreer word.

Toe die program vir die laat registrasie van geboortes bekendgestel is, het die departement ongeveer 500 000 laat geboorteregistrasies hanteer.

"Hierdie getal het nou tot minder as 100 000 gedaal."

Volgens Apleni kan pasgeborenes wat nie binne 30 dae geregistreer word nie, nie staatstoelaes ontvang nie, omdat 'n onverkorte geboortsertifikaat vereis word om aansoek om 'n staatstoelaes te doen.

Registrasie van kinders help die staat om vir die toekoms te beplan.

Apleni sê dat sy departement met ander staatsdepartemente saamwerk as deel van

Operasie Fiela om seker te maak dat Suid-Afrikaners veilig voel.

"Suid-Afrikaners en buitelanders moet die wette gehoorsaam. Daar is 'n wanopvatting dat Operasie Fiela net op buitelanders gerig is. In Suid-Afrika volg ons egter 'n geïntegreerde benadering. Wanneer die polisie in samewerking met die Departement van Binnelandse Sake en ander staatsdepartemente klopjagte uitvoer, arresteer hulle enigiemand wat hulle in besit van dwelms betrap, of dit nou 'n Suid-Afrikaner of 'n buitelandse landsburger is."

OPERASIE PYRAMID

Die departement het ook Operasie Pyramid van stapel laat loop ten einde strenger grensbeheer te verseker.

Die doel van Operasie Pyramid is om die grondslag te lê vir die Grensbestuursagentskap (BMA) om algehele koördinasie en samewerking tussen die regering en sy vennote in die burgerlike samelewing te verbeter om die land se grond, lug en maritieme grense te beveilig.

Tydens die onlangse bekendstelling van die program het die Minister van Binnelandse Sake, Malusi Gigaba, gesê dat die uitdaginge wat grensbestuur in die gesig staar die vorm aanneem van menslike beweging oor grense heen, transnasionale georganiseerde misdaad, misdadige aktiwiteite, terrorisme, bedreigde spesies, natuurlike hulpbronne en diere-, plant- en menslike siektes.

Gigaba het bygevoeg dat groot dele van ons lugruim en kuslyn kwesbaar is vir onwettige lugruim- en maritieme beweging.

Die BMA sal verantwoordelik wees vir infrastruktuur en instandhouding van binnekomshawens en sal sy eie organisatoriese kultuur, identiteit en diensvoorwaardes bepaal.

Apleni sê dat die Departement van Binnelandse Sake ten nouste met 11 staatsdepartemente saamwerk om die BMA te vestig.

"Ek wil al hierdie verantwoordelikhede onder een agentskap bring. Teen 2017 sal grensbestuur geïmplementeer wees."

BINNELANDSE SAKE GAAN DIGITAAL

Volgens Apleni betree die departement 'n opwindende tydperk omdat dit tans voor-

bereidings tref om sy dienste met behulp van tegnologie te verbeter, wat sal verseker dat Binnelandse Sake doeltreffend funksioneer.

"Mense sal wanneer dit vir hulle geleë is aanlyn vir hul paspoort of slimkaart-ID kan aansoek doen en per elektroniese oorpasing betaal. Hulle hoef net hulle bank te besoek om hul vingerafdrukke en 'n foto te laat neem."

Die departement werk in vennootskap met banke om mense in staat te stel om via hul bank aansoek te doen.

"Ons dink tegnologie is die antwoord. Nadat iemand om 'n paspoort aansoek gedoen het, behoort dit hoogstens 13 dae te neem voordat die persoon dit ontvang."



Direkteur-Generaal van Binnelandse Sake, Mkuseli Apleni sê die departement sal sy dienste met behulp van tegnologie verbeter.

Vir meer inligting, skakel:
0800 60 11 90

Gemeenskappe kry 'n hupstoot

Noluthando Mkhize

Die begeerte om die gemeenskap te help ophef, het daartoe gelei dat die jong beroepsvrou Yolanda Madyira, 27, betrokke geraak het by die Jessica Fortuin Fellowship (JFF), 'n tweejaarprogram wat gemeenskapsontwikkeling bevorder.

Elke twee jaar word 33 jeugdige vir die program gekies, wat hulle leer hoe om volhoubare burgerlikesamelewing-organisasies te vestig en te bestuur, wat 'n aktiewe rol in die ontwikkeling van gemeenskappe speel.

Hulle het ook geleer om inkomste-genererende inisiatiewe te bestuur wat hul gemeenskappe en hulself bevoordeel.

Die JFF, 'n program van die Nasionale Ontwikkelingsagentskap (NDA) wat daarop gerig is om beheer te neem en gemeenskappe se sosio-ekonomiese omstandighede te verander, is vernoem na die ontslae Jessica Fortuin, 'n veteraan maatskaplike werker wat in 2003 by die NDA aangesluit het en 34 jaar lank by maatskaplike ontwikkeling betrokke was.

"Dit is baie belangrik dat ons as jongmense aktief by die ontwikkeling van ons gemeenskap betrokke is. Ons het die vermoë om dinge te omskep en maatskaplike euwels soos dwelmmisbruik en geweld in ons samelewings te help uitwis," sê Madyira.

Die NDA het die JFF in 2104 geloods om gemeenskapsontwikkeling te verbeter deur jong

gegradueerdes op die terrein van maatskaplike werk, ontwikkelingstudies, navorsing en geestes- en maatskaplike wetenskap te identifiseer en ontwikkel.

Die NDA, 'n agentskap van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, het opdrag om armoede uit te wis deur met burgerlikesamelewing-organisasies in gesprek te tree en hulle van die nodige vaardighede te voorsien om gemeenskappe te bemagtig.

Madyira, wat met 'n graad in politieke wetenskappe van die Universiteit van die Wes-Kaap spog, sê dat sy gesukkel het om werk te kry voordat sy by die JFF aangesluit het.

Madyira is by die NDA se Kaapstadkantoor gebaseer en het verlede jaar met jaar opleiding begin. Sy sê sy geniet dit om met organisasies sonder winsoogmerk (NPO's) te werk, omdat dit help om die land op te hef.

"Die werk wat ek doen voorsien my van praktiese ondervinding in hoe om met NPO's te werk. Ons help om mense in organisasies op te lei en leer hulle hoe 'n effektiewe NPO bestuur moet word, in die lig van hul doelwit om die gemeenskap te help.

"My betrokkenheid by hierdie program het my ook geleer wat dit beteken wanneer mense minder bevoorreg is. Ek is gedurig op die uitkyk na maniere om die NPO's waarmee ek werk, te help verbeter."

Die Hoof Uitvoerende Beampste van die

NDA, dr Vuyelwa Nhlapo, sê die program voorsien jongmense van 'n geleentheid om werksondervinding op te doen, asook 'n doelgerigte fokus op en inspirasie vir ontwikkeling en prestasie.

"Deur hierdie program berei om die jeug voor om hul volle potensiaal te verwesenlik en beheer te neem oor hul eie en hul gemeenskap se pad na ontwikkeling en sukses," sê dr Nhlapo.

Die NDA dra ook by tot navorsing in die ontwikkelingsektor en het sommige van die gegradueerdes blootgestel aan geleentheid in die navorsingsdisipliene.

Dit erken die belangrikheid daarvan dat die jeug aangemoedig word om in die ontwikkelingsektor betrokke te raak en 'n aktiewe rol in die verligting van armoede te speel.

"Hierdie sektor benodig mense met 'n innoverende ingesteldheid om met programme en projekte na vore te kom om arm en landelike gemeenskappe te bemagtig en vennootskappe tussen gemeenskappe, die burgerlike samelewing, die regering en die privaat sektor aan te moedig," sê dr Nhlapo.

TOENEMENDE BEHOEFTE AAN MAATSKAPLIKE WERKERS

Vroeër vanjaar het die Minister van Maatskaplike Ontwikkeling, Bathabile Dlamini tydens die Maatskaplike Werk Indaba gesê dat daar

'n behoefte bestaan aan maatskaplike werkers in die land.

Die verhouding van toesighouer tot praktisyn wissel tans tussen 1:10 en 1:13 afhange van die betrokke area, wat beteken dat talle praktisyns sonder toetsing werk.

Die departement het ook genoem dat die verhouding van maatskaplike werkers tot die landswyse bevolking op 1:5000 beraam word, wat ver bo die aanbevole vlakke is. Dit word vererger deur die feit dat gemeenskappe van maatskaplike werkers verwag om 'algemene ontwikkelingswerkers' te wees.

Dit lei tot die swak implementering van norme en standaarde in maatskaplikewerkpraktik.

Ten einde die doelwit van 55 000 maatskaplikewerkpraktisyns te bereik wat in die Nasionale Ontwikkelingsplan gestel word, het die departement 'n studiebeursprogram geïmplementeer wat studente befonds wat maatskaplike werk aan universiteite wil studeer.

Sedert die implementering van die studiebeursprogram het ongeveer 8 000 jongmense reeds met die departement se hulp gekwalifiseer. Meer as 3 500 van hierdie gegradueerdes is in die staatsdiens opgeneem. Die departement werk nou met die provinsies saam om die opname van hierdie pas gekwalifiseerde maatskaplike werkers te koördineer.

Vir meer inligting, skakel:
011 081 5500